

## **Skriflesing:** Esegïel 47

**Tema:** God se nuwe lewe vloei deur ons na mekaar en na die res van die wêreld.

Die volk van die Here kies vir sonde en teen God. Hulle volhard hardnekkig in hulle ongehoorsaamheid. God straf hulle. Daarom sit hulle hier in Babiloniese ballingskap. Hulle is sonder God, sonder hoop en sonder 'n toekoms.

En asof dit nie erg genoeg is nie, is die tempel in Jerusalem ook verwoes. Die tempel in die Ou Testament is gesien as die aardse woonplek van God. Die volk het geglo dat as die tempel weg is, is God ook weg. Verder het hulle ook geglo dat as 'n ander nasie jou oorwin, is dit bewys dat hulle gode sterker as jou God is. Vir hulle het dit gelyk of die Babiloniese god Marduk sterker as hulle God is.

Maar dit is nie waar nie. God is almagtig. En Hy het nie sy volk verlaat nie. Hy laat nie die werk van sy hande vaar nie. Wat Hy begin het, maak Hy klaar. Soos Hy elke lente weer die voorkoms van sy aarde nuut te maak, so begin Hy telkens 'n herstelproses. Hy begin voor en oor met sy volk. Vanuit die tempel sal weer nuwe lewe vloei wat net die Here kan gee.

Ons lees in Eseg 47 Esegïel se visioen van die lewe wat God gee wat soos water uit die tempel uitvloei.

In die dorre Palestina het 'n waterstroom in die meeste gevalle net kleiner geword en in die sand verdwyn. God se stroom is anders. Sy stroom vloei na die mees dorre en onbewoonbare dele van die land. Vanaf die tempel vloei die stroom oos deur die ongenaakbare Judawoestyn. En die stroom word net dieper en dieper – enkeldiep, kniediep, tot by die heupe en uiteindelik 'n stroom waar Esegïel nie kon deurgaans nie. Langs die stroom is daar nuwe lewe en groei. Oral op die wal staan daar hoë bome.

En dan vloei die stroom in die Dooie see in. Dié see word die dooie see genoem omdat niks in sy water kan leef nie. Die water is tot 10 maal meer sout as gewone seewater. Visse, mossels, krappe, korale, niks kan daarin leef nie. Daar het ook ander riviere in die Dooie see ingevloei, maar hulle water is deur die Dooie see doodgemaak. God se stroom is anders. Die stroom van God vernietig die dood. Dit bring lewe waar daar dood was. Dit maak die Dooie see vars.

Nou wemel dié see met diere en visse en mense. Op die walle van die Dooie see groei daar allerhande vrugtebome. Die bome se blare sal nie verlep nie. Die vrugte sal nie opraak nie. Die bome sal elke maand dra en die blare sal genesing bring.

So bring God in die tyd van Israel herstel en lewe. Hy bring nuwe lewe op plekke waar niemand dit ooit verwag het nie. En die Here doen dit vandag steeds met ons.

Ons kan nie lewe maak nie. God is lewe. Alle lewe vloei uit Hom voort. Die water by die doop is teken daarvan. Water was skoon en gee lewe. Die doopwater dui op God wat skoon was en lewe gee.

Voor Jesus was ons lewens droog, ongenaakbaar en hard in sonde. Ons was sonder hoop en sonder toekoms.

Maar God los ons nie so nie. Hy begin weer oor en voor met ons. Hy stuur sy Seun, Jesus Christus, om die sondedroogte in ons lewens te verbreek. Uit Jesus vloei daar nuwe lewe in ons in. Hy verseker vir ons in Joh 10:10: "Ek het gekom dat julle die lewe kan hê en dit in oorvloed."

Vir sy lewe in oorvloed, moet ons toelaat dat sy lewende water in ons lewens invloei. Ons moet ons lewens hoe langer hoe meer aan Hom oorgee.

As ons in geloof ons lewens aan Hom oorgee, vul God ons lewens met die lewende water van sy Heilige Gees. Hy maak ons nie net vol nie, Hy maak ons oorvol. Hy maak ons 'n

fontein van liefde. Uit ons vloei liefde, vreugde, vrede en al die ander vrugte van die Heilige Gees.

God is lewe. Uit elkeen van sy kinders vloei sy lewe. Sy lewende water wat deur ons vloei, vloei al dieper en dieper en bring nuwe lewe in 'n sondedor wêreld.

Dit is God se droom vir my en jou in Kraggakamma gemeente. Ons is 'n fontein van God se liefde.

**Ek sluit af en vra vir jou om eerlik op die volgende vrae te antwoord:**

1. Vloei die stroom van God se lewe en liefde van jou en my uit na ons man of vrou of kinders en bring dit nuwe lewe in jou huwelik en gesin?

2. Vloei die stroom van God se lewe en liefde al dieper van jou en my uit na alle medegelowiges en bring dit nuwe lewe in die kerk en hier in die gemeente?

Ons sê so maklik 'n gemeente is droog en dood en hier is nie liefde nie. Lewe kom nie van 'n "band" of van 'n dominee of van 'n nuwe program af nie. Dit vloei van God af deur jou.

3. Vloei die stroom van God se lewe en liefde al dieper van jou en my uit na die soms sondedor wêreld daarbuite waar dit nuwe lewe bring? Onthou, daar is geen mens of plek so dood dat God nie nuwe lewe daar kan werk nie.

Lewe begin by God. Deur sy Seun en Gees werk hy sy nuwe lewe in ons. Van ons af vloei sy nuwe lewe na mekaar en kring dit uit na die res van die wêreld. Kom ons laat nou God toe om so vir elkeen van ons sy fontein van liefde en lewe te maak.

Amen

## **Afkondigings**

### **P&W**

- Onvergelykbare God
- Nuwe Generasie

### **Kobus doop**

- Vlam
- My hande hef ek op na U
- Open the eyes of my heart Lord
- Our Father

Sout in Dooie bly herriner aan wonderwerk wat gebeur, of dit kan ook wees dat dit broodnodige sout is vir voedselvoorbereiding of vir offergebruik.

### **Skriflesing:** Eseg 47

- Die volk van die Here kies vir sonde teen God
- volhard hardnekkig in hulle ongehoorsaamheid

God straf hulle – sit hier in Babiloniese ballingskap – sonder God, sonder hoop en sonder 'n

toekoms.

Asof dit nie erg genoeg is = tempel in Jerusalem ook verwoes.

Tempel is in die Ou Testament = gesien as die aardse woonplek van God.

as die tempel weg is, is God ook weg.

ook geglo dat as 'n ander nasie jou oorwin, is dit

bewys dat

hulle gode sterker as jou God is. Vir hulle het dit

gelyk of

die Babiloniese god Marduk sterker as hulle God is.

Nie waar - God is almagtig.

En Hy het nie sy volk verlaat nie = laat nie die werk van sy hande vaar nie.

Hy begin het, maak Hy klaar.

Soos Hy elke lente weer die voorkoms van sy aarde nuut te maak, so begin Hy ook telkens 'n

herstelproses

begin voor en oor met sy volk.

vanuit die tempel sal weer nuwe lewe vloei wat net die Here

kan gee.

Ons lees in Eseg 47 Esegieël se visioen van die lewe wat God gee wat soos water uit die tempel uitvloei.

In die dorre Palestina het = 'n waterstroom in die meeste gevalle net kleiner geword en in die

sand verdwyn. God se stroom is anders. (Voorbeeld)

Stroom vloei = na die mees dorre en onbewoonbare dele van die land.

vanaf die tempel vloei die stroom oos deur die ongenaakbare

Judawoestyn.

word net dieper en dieper – enkeldiep, kniediep, heupe, stroom waar

Eseg nie

kon deurgaan nie.

Langs die stroom is daar nuwe lewe en groei. Oral op die wal staan daar hoë bome.

Dan vloei die stroom in die Dooie see in.

Die see word die dooie see genoem = niks in sy water kan leef nie.

nie visse, mossels, krappe, korale,

= Die water is tot 10 maal meer sout as gewone seewater.

ook ander riviere in die Dooie see ingevloei, maar hulle water is deur die Dooie see doodgemaak.

God se stroom anders = vernietig die dood.

bring lewe waar daar dood was.

maak die dooie see vars - wemel die Dooie see wemele met

diere en

vis en mense.

- Op die walle = allerhande vrugtebome.
- Bome se blare = nie verlep
- Vrugte nie opraak
- Bome sal = elke maand dra  
blare sal genesing bring.

So bring God in die tyd van Israel herstel en lewe.

bring nuwe lewe = op plekke waar niemand dit ooit verwag het nie.

En die Here doen dit vandag steeds met ons.

Ons kan nie lewe maak nie.

God is lewe = Alle lewe vloei uit Hom uit.

Die water by die doop is teken daarvan. Water was skoon en gee lewe.

Dui op God wat skoon was en lewe gee

Voor Jesus was ons lewens droog, ongenaakbaar en hard in sonde.

was sonder hoop en sonder toekoms.

God begin weer oor en voor met ons - stuur sy Seun Jesus Christus om die sondedroogte in

ons lewens te verbreek..

Uit Jesus vloei daar nuwe lewe in ons in. Hy verseker vir ons in Joh 10:10

- Ons moet toelaat dat sy lewende water = in ons lewens invloei.
- Ons moet ons lewens hoe langer hoe meer aan Hom oorgee.

As ons in geloof ons lewens aan Hom oorgee = vul God ons lewens met die lewende water

van sy Heilige Gees.

Hy maak ons nie net vol nie, Hy maak ons oorvol.

Hy maak ons sy fontein van lewe. Uit ons vloei liefde, vreugde, vrede as vrug van die Heilige Gees. (Voorbeeld)

God is lewe. Uit elkeen van sy kinders vloei sy lewe.

Sy lewende water wat deur ons vloei = vloei al dieper en dieper en bring nuwe lewe in 'n

sondedor wêreld.

God se droom vir my en jou in Kraggakamma gemeente is: Ons is God se 'n fontein van liefde.

**Ek sluit af en vra vir jou om eerlik op die volgende vrae te antwoord:**

1. Vloei die stroom van God se lewe en liefde van jou en my uit na man of vrou/kinders en bring dit nuwe lewe in jou huwelik/gesin?

2. Vloei die stroom van God se lewe en liefde al dieper van jou en my uit na alle medegelowiges en bring dit nuwe lewe hier in die gemeente/in die kerk v Here? Sê so maklik gemeente is droog en dood en hier is nie liefde nie. Lewe kom nie van 'n "band" af of van 'n dominee af nie, dit vloei van God af deur jou. (Voorbeeld – kontakkaart)

3. Vloei die stroom van God se lewe en liefde al dieper van jou en my uit na die soms sondedor wêreld daarbuite waar dit nuwe lewe bring? Onthou, daar is geen mens of plek so dood dat God nie nuwe lewe daar kan werk nie.

- Lewe begin by God.
- Deur sy Seun en Gees werk Hy sy nuwe lewe in ons.
- Van ons af vloei sy nuwe lewe na mekaar en dit kring uit na die res van die wêreld.

Kom ons laat nou vir God toe om so van elkeen van ons = sy fontein van lewe en liefde maak.

Amen

**Stilgebed**

**Dankoffer**

**EE SA**

- Rooftops

**Seën en sing Amen**

Die genade van die HJXtus

Die liefde v God

en die gemeenskap van die HG sal by en in julle almal wees en van julle deel van sy stroom van lewende water maak.

Amen

## **Afkondigings**

### **P&W**

- **Onvergelykbare God**
- **Nuwe Generasie**
- **Vlam**
- **My hande hef ek op na U**
- **Open the eyes of my heart Lord**
- **Our Father**

## **Kobus doop en doen gebed – ook vir Skriflesing**

### **Skriflesing: Eseg 47**

#### **God is lewe.**

God se lewe vloei deur ons

God werk nuwe lewe in 'n sondedor wêreld.

### **Stilgebed**

### **Dankoffer**

### **EE SA**

- **Rooftops**

### **Seën en sing Amen**

## **Vrae vir selgroepe**

Skriflesing: Eseg 47

1. Vloei die stroom van God se lewe en liefde van jou en my uit na man of vrou/kinders en  
bring dit nuwe lewe in jou huwelik/gesin?
2. Vloei die stroom van God se lewe en liefde al dieper van jou en my uit na alle medegelowiges en bring dit nuwe lewe hier in die gemeente/in die kerk v Here?  
Sê so maklik gemeente is droog en dood en hier is nie liefde nie.  
Lewe kom nie van 'n "band" af of van 'n dominee af nie, dit vloei van God af deur jou.  
(Voorbeeld – kontakkaart)
3. Vloei die stroom van God se lewe en liefde al dieper van jou en my uit na die soms sondedor wêreld daarbuite waar dit nuwe lewe bring?  
Onthou, daar is geen mens of plek so dood dat God nie nuwe lewe daar kan werk nie.